

Voorsittersverslag van die Wes-Kaapse tak van die GGSA vir die jaar 2006 / Chairman's report of the Western Cape Branch of the GSSA for the year 2005

Dr. NC Gey van Pittius

Voorgelê op die Algemene Jaarvergadering van die Wes-Kaap Tak gehou op 20 Januarie 2007 te Goodwood

Presented at the Annual General Meeting of the Western Cape Branch held on the 20th of January 2007 at Goodwood

Die jaar 2006 was vol interessante uitdagings en nuwe moontlikhede, wat die Wes-Kaapse Tak met beide hande aangegryp het. Ek sal hiermee poog om `n kort oorsig oor ons bedrywighede van die jaar te gee.

1) Bestuurskomitee:

Die Bestuur vir 2006 is verkies op die Algemene Jaarvergadering van die Wes-Kaapse tak wat gehou is op 21 Januarie 2006. Die bestuur vir die jaar het soos volg uitgesien:

Voorsitter – Nico Gey van Pittius
Ondervoorsitter en Plattelandse verteenwoordiger - David de Klerk
Sekretaris - Fred Deas
Tesourier - Glenda Raad
Begraafplaasprojek - Marianne Meyer
Addisionele lid - Ria van den Heever

Ander (nie op uitvoerende bestuur):
Redakteur Capensis – Sasa Malan
Verspreiding Capensis – Max White
Inligtingstegnologie – James Butler
Biblioteek – Yvonne Robinson
Skeepsprovoos - Marianna Olivier

Baie dankie aan my bekwame bestuur, sonder wie ek nooit eers daaraan sou dink om die voorsitterskap aan te pak nie. Ek wil nie uitwy oor al die bydraes wat hulle gelewer het nie, aangesien dit voldoende aangespreek sal word in die res van die verslag, maar net kortliks die volgende dank:

David de Klerk, wat die verteenwoordiger van die platteland is, het al die vergaderings in die jaar bygewoon, ondanks die feit dat hy ver moes ry van Worcester af. Dit sluit in die gekanselleerde uitstalling by Erfenisdag. Ons dank hom vir sy toewyding, en waardevolle insig en bydraes in die takbestuur.

Fred Deas as sekretaris het getrou gesorg dat die vergaderings gereël is, en het die korrespondensie en notulering van bestuursvergaderings behartig. Ons dank aan Fred vir al die take wat hy voor en agter die skerms verrig.

Glenda Raad het as tesourier haar uitstekend van haar taak gekwyt. Ons kon met vertroue weet dat die geldsake in Glenda se hande altyd gesond sou bly.

Marianne Meyer het met haar entoesiasme en toewyding weereens die jaar as Begraafplaaskoördineerder opgetree. Sy het ook die Belville Biblioteekuitstalling op eie houtjie aangepak en uitgevoer, `n baie geslaagde projek waarvoor ons haar baie dankbaar is.

Ria van den Heever was getrou teenwoordig by alle vergaderings en haar bydraes tot die takbestuur was baie waardevol.

Die *Capensis* driemanskap, Sasa Malan, Gerhard Geldenhuys en Max White het aan ons vier uitgawes van ons uitstaande takpublikasie verskaf en ons dank hulle vir hulle toewyding. As oud-redakteur van *Capensis* weet ek hoeveel harde werk daar in elke uitgawe steek.

James Butler het in die agtergrond `n onmisbare rol gespeel deur vir ons deurlopend te sorg dat die webblad van die tak op die GGSA webwerf op datum is. Ons wil vir James baie dankie sê hiervoor.

Yvonne Robinson het as bibliotekaresse van ons takbiblioteek al vir baie jare gesorg vir die konstante onderhoud van ons bronne. Ons kan nooit genoeg dankie sê vir haar hiervoor nie.

Laastens aan ons Skeepsprovoos (Master-at-Arms), Marianna Olivier, wil ons 'n spesiale dankie sê. Sy het aangebied om die portefeulje oor te neem op 'n stadium toe ons al vir twee jaar gesoek het na iemand om vir Fred uit te help nadat hy as Sekretaris verkies is. Marianna se hulp en onbaatsugtige toegewydheid aan die posisie word baie waardeer.

2) Ledesake

Gedurende 2006 het ons 122 betaalde lede gehad. Daar is 'n aantal lede wie se ledegelde nog uitstaande is, en die aantal lede in die tak is dus effens meer. Die aantal lede wat egter vergaderings aktief bywoon is nie meer as ongeveer 40 nie, met 'n gemiddeld van 25-30 lede per vergadering. Dit is te wyte aan 'n aantal faktore, onder meer afstand (party lede bly ver), ouderdom (daar is lede wat nie vervoer het nie of nie meer kans sien om vergaderings by te woon nie) en siekte. Die bereiking en betrekking van nie-aktiewe lede is iets waarna die nuwe bestuur aktief aandag behoort te gee. Ons het ook in 2006 'n aantal nuwe lede bygekry, waarvoor ons besonder dankbaar is aangesien dit die lewensaar van enige organisasie is. Hierdie lede het elkeen die GGSA Nasionaal Lede CD ontvang en het ook aktief ingeskakel by die tak.

Gedurende hierdie jaar het ons ook getroue vriende, aktiewe genealoë en lede van die Wes-Kaap tak aan die dood afgestaan. Ek dink hier spesifiek aan Girolem Marincowitz en André Kellerman wat albei uitstaande genealoë was.

3) Vergaderings:

Gedurende 2006 het die tak weereens op elke 2^{de} Saterdag van die maand vergader, behalwe op spesiale geleenthede. Vergaderings is soos gewoonlik gekenmerk deur 'n gemoedelike atmosfeer en die dors na kennis en uitruil van idees. Die formaat van die vergaderings, wat soos gewoonlik voorafgegaan is deur 'n Bestuursvergadering, is tipies soos volg: ongeveer die eerste halfuur word aandag gegee aan huishoudelike sake vanaf die bestuur, daarna word 'n lesing gelewer vir ongeveer 1 uur, waarna gesellig saamgekuier word rondom tee/koffie en verversings. Die verversings word gekoördineer deur die Skeepsprovoos, en bestaan uit lededonasies. Die vergaderings vir die jaar was as volg:

Januarie 2006 – Algemene Jaarvergadering en verkiesing van nuwe bestuur

Februarie 2006 – Spreker: Gerhard Geldenhuys - 'n Toer na die Heerenlogement. Hy het 'n uitgebreide lesing gelewer oor die Genealogie van vroeë besoekers aan die historiese grot naby Graafwater. Hierdie studie is volledig gepubliseer in *Capensis* 4 van 2006

Maart 2006 – Spreker: Antonia Malan - "Transcription of Estate Papers at the Cape of Good Hope (TEPC)" - Dr. Malan is aan die hoof van die TEPC-projek, 'n bekwame span transkribeerders en redigeerders wat die afgelope jaar in die Kaapse Argief gewerk het aan die transkribering van die inventarisse van die Weeskamer rekords (1690s tot 1830s). Dit volg op die suksesvolle TANAP projek waarin VOC administratiewe rekords vir die Kaap (die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop) gedigitaliseer is. Die TEPC rekords verskaf 'n venster op wat mense besit, gekoop, verkoop en waardeer het aan die Kaap, en help ons om die geskiedenis van huishoudings en individue (insluitend slawe) na te speur. Die verweerde oorspronklike handgeskrewe dokumente word omgeskakel in digitale teks wat op die internet geplaas word, en sodoende toegang verleen aan beide plaaslike en internasionale navorsers wat nie 'n besoek by die argief kan aflê nie. Dit bewaar ook die dokumente teen verdere verweer deur hulle uit sirkulasie te neem. Die transkripsies word vergesel deur 'n inleiding, indeks van name, datums en verwysings en 'n tweetalige inhoudsopgawe.

April 2006 – Spreker: "Scrapbooking" - 'n verteenwoordiger van die winkel "The Scrapbook" het 'n voordrag gelewer oor die maniere hoe om 'n sg. "scrapbook" bymekaar te stel.

Mei 2006 – Besoek van die *Cape Family Research Forum* - Die *Cape Family Research Forum* het 'n heerlike besoek aan ons tak afgelê en het vir ons vertel van die agtergrond van die stigting van die *Forum*, die reaksie van die gemeenskap op die *Forum* en, as 'n voorbeeld van hul werk, 'n gevallestudie voorgehou van 'n lid wie se navorsing in die Kaapse Argief hom gelei het na sy voorouers uit die slaweperiode. Die *Forum* se Voorsitter, Shamiel Gamildien, Ondervoorsitter Magadien Mohamed sowel as hulle woordvoerder Mogamat Kamedien, beter bekend as Kammie, en verskeie lede was teenwoordig. Na die lesings is gesellig saamgekuier rondom eetgoed. Die Wes-Kaapse tak van die GGSA was baie bly vir die geleentheid om nader aan die *Forum* te kon beweeg, veral aangesien ons belangstellingsvelde soveel ooreenstem. Ons hoop om in 2006 hierdie bande verder te verstewig.

Junie 2006 – Hierdie vergadering is tradisioneel ons tak se verjaarsdagviering en lede kry geleentheid om bydraes te lewer oor hul eie navorsing. Dit is ook die geleentheid waar die Margaret Cairns

- toekenning oorhandig word (sien hieronder). Dit was ons tak se 20^{ste} verjaarsdag en ons het heerlik saamgekuier. Baie interessante voordragte is deur die ontvangers van die Margaret Cairns toekenning gelewer.
- Julie 2006 – Spreker: Nico Gey van Pittius – Van Afrika en van Adel – `n beskrywing is gelewer van die interessante voorouers van die moeder van die stamvader van die Gey van Pittius familie in Suid-Afrika, waaronder persone uit die adelike geslagte van Nederland en Duitsland tel, maar ook `n slavin van Wes-Afrika.
- Augustus 2006 – Spreker: Helena Liebenberg – TANAP projek. Sy het `n interessante voordrag gelewer oor die suksesvolle TANAP projek waarin VOC administratiewe rekords vir die Kaap (die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop) gedigitaliseer is. Hieruit het baie interessante inligting gekom wat die ontwikkeling van Afrikaans insluit, sowel as die lewensgeskiedenis van adelike bannelinge aan die Kaap.
- September 2006 – Erfenisdag – Erfenisdag sou gevier word met `n uitstalling by die Cultivaria fees in die Paarl. Ongelukkig het die dag baie gereen en kon die stalletjie nie opgeslaan word nie aangesien die veld onder water was. Die uitstalling is dus gekanselleer. Daar is aanbeveel dat die uitstalling in die toekoms onderdak aangebied word.
- Oktober 2006 – Meule toer – `n Interessante uitstappie is gereel na Mostert se Meule, waartydens ons `n lesing gekry het oor die geskiedenis van die spesifieke meule, die restourasie en onderhouding daarvan, die organisasie Vriende van Mostert se Meule. Dit is gevolg deur `n kort piekniek op die terrein, waarna lede opbeweeg het na die Mostert begraafplaas aan die hange van Tafelberg. Die begraafplaas is in `n haglike toestand gevind en is definitief iets waaraan aandag gegee behoort te word. Grafstene is in fyn skerfies en die optel daarvan is bemoelijk deur die teenwoordigheid van skerpioene wat onder elke stukkie klip skuil.
- November 2006 – Afsluitingsfunksie. Die afsluitingsfunksie is hierdie jaar in die Goodwood biblioteeksaal gehou met heerlike verversings. Daar was ook twee kort voordragte deur Sasa Malan en James Butler oor maniere om digitale tegnologie te gebruik om `n pragtige aanbieding van familiedata te maak. Fred Deas het ook `n uitstalling gelewer van boeke in sy besit, waaronder die katalogusse van die ou Africana Biblioteek.

Die vergaderings van 2006 het getuig van die diverse inligting wat beskikbaar is aan die genealoog en het die interessantheid van die Genealogie onderstreep. Daar is reeds `n aantal nuwe onderwerpe vir vergaderings vir 2007 op die tafel en ons hoop om die nuwe jaar op net so `n hoë noot af te skop. Verder is ons besig om moontlikhede te ondersoek om alle praatjies digitaal vas te lê om sodoende `n onskatbare bron van genealogiese en historiese inligting te kan argiveer en in ons takbiblioteek beskikbaar te kan stel.

4) Publikasies:

Die Wes-Kaapse Tak van die GGSA gee die hoogaangeskrewe joernaal *Capensis* kwartaalliks uit. Die redaksionele komitee van Capensis het bestaan uit Sasa Malan as redakteur, Gerhard Geldenhuys as mederwerker, en Max White as verspreider. Hierdie drie persone het, soos in die verlede aangehou om hulself uitstekend van hul taak te kwyf en die joernaal net na hoer hoogtes te neem. Gedurende 2006 het ons 127 intekenaars op Capensis gehad. Ongeveer 77% hiervan was lede van die tak, terwyl die groot aantal buite-intekenare getuig van die kwaliteit van die publikasie. Sien asseblief die Redakteurs- en Verspreidersverslae vir volledige inligting aangaande *Capensis*. Baie dankie aan die drie persone wat so hard gewerk het om aan ons 4 uitstaande publikasies hierdie jaar te voorsien.

Verder is `n aantal nuusbriewe is ook gedurende hierdie jaar uitgestuur, weereens deur die ywerige en toegewyde hand van Sasa Malan. Ons dank ook aan haar vir die onbaatsugtige werk om die lede van die tak op hoogte te hou van takbedrywighede.

5) Vergaderplek:

Gedurende 2006 het ons die moontlikheid ondersoek om `n meer sentrale vergaderplek te vind. Dit is verder aangevuur deur die feit dat daar die afgelope jaar en `n half begin is om parkeerfooie te vra by die Pinelands Biblioteeksaal waar vergaderings tradisioneel gehou is. Deur `n lang proses van ondersoek na moontlike lokale, kon die sekretaris Fred Deas uiteindelik vir ons `n plek bevestig in die Goodwood Biblioteeksaal. Hierdie saal is uitstekend gelee, met gratis geslote parkering. Die proses is vergemaklik deur die toetrede van `n nuwe lid, Eugene du Toit, aan wie ons baie dank verskuldig is vir sy hulp met die verkryging van die saal as vergaderplek. Ons het dus finaal afgesluit by die Pinelands Biblioteeksaal en sal voortaan alle vergaderings in Goodwood hou.

6) Finansies:

Glenda Raad het as Tesourier haar uitmuntend van haar taak gekwyt. Sy het die ledelyste bygewerk en gesorg dat alle finansiële sake onmiddelik en effektief afgehandel is. Dit is verder vergemaklik deur gebruik te maak van internetbankdienste. Die tesouriersverslag bevat `n volledige uiteensetting van die finansiële posisie van die tak. Die tak het een groot uitgawe gehad in 2006, naamlik die aankoop van `n digitale projektor. Daar is gevind dat sprekers nie meer op ander maniere as digitaal hul lesings wil aanbied nie, en dat sprekers dus nie aanbied om te praat nie, of dat daar deur middel van groot onkoste kleurtransparante van skyfies gemaak moet, of dat op selfs hoer onkoste digitale projektors gehuur moet word. Die tak het besluit dat die eenmalige uitgawe geregverdig is aangesien die lesings een van ons hoofaktiwiteite is. Ons hoop dus dat dit `n groot bydrae sal lewer tot die kwaliteit van ons aanbiedings en moedig alle lede aan om in die nuwe jaar baie van die digitale tegnologie gebruik te maak. Ons dank ook weereens aan Eugene du Toit vir sy aandeel in die verkryging van die projektor.

8) Toekennings:

Gedurende 2006 het die Wes-Kaapse tak weereens die jaarlikse Margaret Cairns toekenning gemaak ter erkenning van uitsonderlike bydraes tot genealogie en mikrogeskiedenis van die Wes-Kaap. Hierdie toekenning is in 2006 gedeel deur twee persone wat albei uitstaande bydraes gelewer het, naamlik Nico Walters en Gerhard Geldenhuys. Nico Walters het die boek gepubliseer oor die Walters familie, terwyl Gerhard Geldenhuys vereer is vir sy werk op genetiese navorsing en vele publikasies in onder andere *Capensis*.

`n Ander taklid, naamlik Martie du Toit, is ook in 2006 vereer deur die Noord-Transvaal tak se Nasionale toekenning vir die beste artikel in *Familia* in 2005. Hierdie toekenning is in absentia gemaak tydens die AGM van die GGSA en op `n takvergadering van die Wes-Kaap tak oorhandig.

9) Takbiblioteek

Die takbiblioteek was in 2006 steeds onder die bekwame leiding van Yvonne Robinson. Ons dank is aan haar verskuldig vir haar hulp met die bestuur van ons boeke, kaarte en ander bronne. Ons dank ook aan verskeie lede en instansies wat in 2006 boeke en CD's aan ons biblioteek geskenk het. Weens die verhuising na Goodwood Biblioteeksaal, sal daar gekyk moet word na nuwe moontlikhede om die takbiblioteek te huisves, en `n sluitbare kas in die saal word tans in die vooruitsig gestel.

10) Belville Biblioteek Uitstalling

In die tydperk 20 Maart – 7 April 2006 is `n baie geslaagde genealogie uitstalling, onder leiding van Marianne Meyer, in die Belville Biblioteek gehou. Hierdie uitstalling was van `n hoë kwaliteit en het vele besoekers getrek, sodanig dat die biblioteek se bestuur aangedring het op `n langer uitstalling van dieselfde aard in 2007. Ons dank aan Marianne wat baie tyd en moeite hierin belê het. Ons dank ook aan die bydraers sonder wie se bydraes die uitstalling skraler sou wees. Hieronder tel lede van die tak wat afskrifte van familiestambome en artikels bygedra het, asook die *Cape Family Research Forum* wat van hul materiaal beskikbaar gestel het.

11) Ander:

Gedurende 2006 het die Wes-Kaapse tak weereens `n bydrae gelewer aan die Nasionale Argief se boekversameling deur die skenking van Volume 12 en 13 van die SAG reeks. Die tak het hom herverbind om, soos in die verlede, `n kopie van alle nuwe uitgawes aan die argief te skenk.

Om mee af te sluit wil ek die lede bedank wat getrou vergaderings bygewoon het, begraafplase opgeskryf het, hul insette gelewer het en gesorg het dat die tak `n lewendige tak bly. Dankie ook aan ieder en elk wat getrou hul navorsing in *Capensis* publiseer en daardeur sorg dat ons takpublikasie van hoogstaande gehalte bly. Ek wens almal `n voorspoedige en vrugtevolle jaar van navorsing toe.

Nico C. Gey van Pittius
20 Januarie 2007